



RAAD OP REKENINGKUNDIGE STANDAARDE

STANDAARD VAN ALGEMEEN ERKENDE

REKENINGKUNDIGE PRAKTYK

GEBEURE NÁ DIE VERSLAGDOENINGSDATUM

(AERP 14)

Erkenning

Hierdie Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) kom primêr uit die International Public Sector Accounting Standard (IPSAS) oor *Events After the Reporting Date* wat deur die International Federation of Accountants se International Public Sector Accounting Standards Board (IPSASB) uitgegee is. Die International Federation of Accountants (IFAC) is in 1977 gestig met die missie om die professie deur geharmonieerde standaarde te ontwikkel en te verbeter. IPSASB het 'n omvattende korpus van IPSAS'e uitgegee, wat gebruik sal word om toekomstige Standaarde van AERP te produseer. Uittreksels uit die IPSAS oor *Events After the Reporting Date* word met die toestemming van die IPSASB in hierdie Standaard van AERP gereproduseer.

Die goedgekeurde teks van die IPSAS'e is dié wat deur die IFAC in die Engelse taal gepubliseer is. Die IPSAS'e is vervat in die IFAC se Handbook of International Public Sector Accounting Pronouncements en kan verkry word van:

International Federation of Accountants

545 Fifth Avenue, 14th Floor

New York, New York 10017 USA

Internet: <http://www.ifac.org>

Kopiereg vir IPSAS'e, konsepte vir kommentaar en ander publikasies van die IPSASB is in die IFAC gevestig en die bepalings en voorwaardes wat daaraan verbonde is, moet nagekom word.

Raad op Rekeningkundige Standaarde

Posbus 74129

Lynnwoodrif

0040

Kopiereg © 2010 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag sonder voorafgaande toestemming van die Raad op Rekeningkundige Standaarde in 'n stelsel vir inligtingsontsluiting bewaar of in enige vorm of op enige wyse, elektronies, meganies, deur fotokopiëring, by wyse van 'n opname of andersins gereproduseer of weergegee word nie.

Toestemming om beperkte uittreksels uit die publikasie te reproduseer sal gewoonlik nie weerhou word nie.

Inhoud

Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk

Gebeure ná die Verslagdoeningsdatum

	Paragrawe
Inleiding	
Doelstelling	.01
Omvang	.02
Woordomskrywings	.03
Magtiging van die finansiële state vir uitreiking	.04 - .05
Erkenning en meting	.06 - .13
Aansuiweringsgebeure ná die verslagdoeningsdatum	.07 - .08
Nie-aansuiweringsgebeure ná die verslagdoeningsdatum	.09 - .10
Dividende of vergelykbare uitkerings	.11 - .13
Lopende saak	.14 - .22
Herstrukturering	.22
Openbaarmaking	.23 - .28
Openbaarmaking van datum van magtiging vir uitreiking	.23 - .24
Bywerking van openbaarmaking van omstandighede op die verslagdoeningsdatum	.25 - .26
Openbaarmaking van nie-aansuiweringsgebeure ná die verslagdoeningsdatum	.27 - .28
Datum van inwerkingtrede	.29 - .30
Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP	.29
Entiteite wat reeds toevallingsrekeningkunde toepas	.30
Herroeping van die Standaard van AERP oor <i>Gebeure ná die Verslagdoeningsdatum</i> (2007)	.31
Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor <i>Events After the Reporting Date</i> (Januarie 2007)	

GEBEURE NÁ DIE VERSLAGDOENINGSDATUM

Hierdie Standaard is oorspronklik in Mei 2007 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) uitgegee. Sedertdien is dit deur die volgende gewysig:

- Verbeterings aan die Standaarde van AERP wat in Februarie 2010 deur die Raad uitgegee is.
- Gevolglike wysigings toe die Standaard van AERP oor *Werknemervoordele* (AERP 25) in werking getree het.
- Gevolglike wysigings na aanleiding van die hersiening van AERP 100 *Gestaakte Bedrywighede* in 2013.
- 'n Bygewerkte eksemplaar van die wysigings wat in reaksie op die jongste gevolglike wysigings aan AERP 14 aangebring is, is op die webwerf beskikbaar.

Inleiding

Standaarde van AERP

Daar word ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig (WOFB), van die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) vereis om algemeen erkende rekeningkundige praktyk genaamd Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) te bepaal.

Die Raad moet AERP bepaal vir:

- (a) departemente (met inbegrip van nasionale en provinsiale en regeringskomponente);
- (b) openbare entiteite;
- (c) handelsentiteite (soos in die WOFB omskryf);
- (d) grondwetlike instellings;
- (e) munisipaliteite en rade, kommissies, maatskappye, korporasies, fondse of ander entiteite onder die eienaarsbeheer van 'n munisipaliteit; en
- (f) die Parlement en die provinsiale wetgewers.

Bogenoemde word gesamentlik “entiteite” genoem.

:

- (a) staatsakeondernemings (soos in die WOFB omskryf);
- (b) enige ander entiteit, uitgesonderd 'n munisipaliteit, waarvan die gewone aandele, potensiële gewone aandele of skuld openbaar op die kapitaalmarkte verhandelbaar is; en
- (c) entiteite onder die eienaarsbeheer van enigeen van hierdie entiteite.



AERP 14

Die Raad het die toepassing van die International Financial Reporting Standards (IFRSs) wat deur die International Accounting Standards Board uitgegee is, goedgekeur om vir hierdie entiteite AERP te wees waar hulle IFRS'e toepas.

Finansiële state moet beskryf word as sou dit aan Standaarde van AERP voldoen slegs indien hulle aan al die vereistes van elke toepaslike Standaard van AERP en enige verbandhoudende Vertolkings van die Standaarde van AERP voldoen.

Enige beperking op die toepaslikheid van spesifieke Standaarde of Vertolkings word in daardie Standaarde of Vertolkings van die Standaarde van AERP duidelik gemaak.

Die Standaard van AERP word in paragraaf .01 tot .31 uiteengesit. Alle paragrawe in hierdie Standaard van AERP is ewe gesaghebbend. Die status en gesag van bylaes word in die aanhef tot elke bylae behandel. Hierdie Standaard moet gelees word in die konteks van die doelstellings daarvan, die grondslag vir gevolgtrekkings, indien toepaslik, die *Voorwoord tot Standaarde van AERP*, die *Voorwoord tot die Vertolking van die Standaarde van AERP* en die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State*.

Standaarde van AERP en Vertolkings van die Standaarde van AERP moet ook in samehang gelees word met enige lasgewings wat deur die Raad uitgegee word waarin oorgangsbepalings voorgeskryf word, asook saam met enige regulasies wat deur die Minister van Finansies uitgereik is ten opsigte van die datums van inwerkingtrede van die Standaarde van AERP, soos in die Staatskoerant gepubliseer is.

Daar kan 'n verwysing wees na 'n Standaard van AERP wat nog nie uitgegee is op die tydstip wanneer hierdie Standaard uitgegee word nie. Dit word gedoen om te vermy om die Standaarde wat reeds uitgegee is, te verander wanneer 'n latere Standaard uitgegee word. Paragraaf .11 van die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute* voorsien in die afwesigheid van uitdruklike leiding 'n grondslag vir die keuse en toepassing van rekeningkundige beleide.

Doelstelling

- .01 Die doel met hierdie Standaard is om voor te skryf:
- (a) wanneer 'n entiteit sy finansiële state behoort aan te suiwer vir gebeure ná die verslagdoeningsdatum; en
 - (b) wat 'n entiteit openbaar behoort te maak oor die datum wanneer die finansiële state vir uitreiking goedgekeur is en oor gebeure ná die verslagdoeningsdatum.

Die Standaard vereis ook dat 'n entiteit nie sy finansiële state op 'n lopendesaak-grondslag moet opstel indien gebeure ná die verslagdoeningsdatum aandui dat die lopendesaak-aanname nie toepaslik is nie.

Omvang

- .02 'n Entiteit wat finansiële state ingevolge die toevallingsgrondslag van rekeningkunde opstel en aanbied, moet hierdie Standaard by die in rekening bring en openbaarmaking van gebeure ná die verslagdoeningsdatum toepas.

Woordomskrywings

- .03 Die volgende terme word in hierdie Standaard gebruik, met die gespesifiseerde betekenis:

Gebeure ná die verslagdoeningsdatum is daardie gebeure, gunstig sowel as ongunstig, wat plaasvind tussen die verslagdoeningsdatum en die datum wanneer die finansiële state vir uitreiking gemagtig word. Twee tipes gebeure kan geïdentifiseer word:

- (a) dié wat bewys lewer van toestande wat op die verslagdoeningsdatum bestaan het (**aansuiweringsgebeure ná die verslagdoeningsdatum**); en
- (b) dié wat bewys lewer van toestande wat ná die verslagdoeningsdatum ontstaan het (**nie-aansuiweringsgebeure ná die verslagdoeningsdatum**).

Bestuur bestaan uit daardie persone wat verantwoordelik is vir die beplanning van, rigtinggewing aan en beheer oor die aktiwiteite van die entiteit, met inbegrip van diegene wat verantwoordelik is vir die korporatiewe bestuur van die entiteit ooreenkomstig wetgewing, in gevalle waar daar van hulle vereis word om sodanige funksies te vervul.

Verslagdoeningsdatum beteken die datum van die laaste dag van die verslagdoeningstydperk waarop die finansiële state betrekking het.

Terme wat in ander Standaarde van AERP omskryf word, word in hierdie

Standaard met dieselfde betekenis as in daardie ander Standaarde gebruik.

Magtiging van die finansiële state vir uitreiking

- .04 Om vas te stel watter gebeure aan die omskrywing van gebeure ná die verslagdoeningsdatum voldoen, is dit nodig om sowel die verslagdoeningsdatum as die datum waarop die finansiële state vir uitreiking gemagtig is, te identifiseer. Die verslagdoeningsdatum is die laaste dag van die verslagdoeningstydperk waarop die finansiële state betrekking het. Die datum van magtiging vir uitreiking is die datum waarop die finansiële state goedkeuring van die bestuur ontvang het om aan die uitvoerende bestuur of munisipale raad uitgereik te word. Die auditmening word verskaf op grond van daardie gefinaliseerde finansiële state. Die rekenpligtige beampte van die departement van verdediging keur byvoorbeeld die finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 20X1 op 28 Mei 20X1 goed en lê die finansiële state aan die ouditeure voor vir ouditering. Die finansiële state word deur die rekenpligtige beampte goedgekeur vir uitreiking aan die uitvoerende gesag op 30 Julie 20X1. Op 31 Augustus 20X1 lê die rekenpligtige beampte die jaarverslag, met inbegrip van die finansiële state en die auditverslag oor daardie finansiële state, aan die uitvoerende owerheid voor vir tertaaflegging in die Nasionale Vergadering. Die uitvoerende owerheid lê die goedgekeurde jaarverslag op 15 September 20X1 aan die Nasionale Vergadering voor. Die finansiële state word op 30 Julie 20X1 vir uitreiking gemagtig, aangesien die auditmening oor daardie finansiële state verskaf is. Gebeure ná die verslagdoeningsdatum is alle gebeure, gunstig sowel as ongunstig, wat tussen die verslagdoeningsdatum en die datum waarop die finansiële state vir uitreiking gemagtig word, plaasvind, selfs as daardie gebeure plaasvind na die publikasie van 'n aankondiging van die surplus of tekort, die magtiging van die finansiële state van 'n beheerde entiteit, of publikasie van ander geselekteerde inligting oor die finansiële state.
- .05 Die proses wat by die opstel en magtiging van finansiële state vir uitreiking betrokke is, kan wissel na gelang van die bestuurstruktuur, die statutêre vereistes ten opsigte van daardie entiteit en die prosedures wat gevolg word by die opstel en finalisering van die finansiële state. Verantwoordelikheid vir magtiging van finansiële state van individuele entiteite berus by die bestuur.

Erkenning en meting

- .06 In die tydperk tussen die verslagdoeningsdatum en die datum van magtiging vir uitreiking kan verkose staatsamptenare 'n regering se voornemens met betrekking tot bepaalde aangeleenthede aankondig. Of hierdie aangekondigde regeringsvoornemens as aansuiweringsgebeure erkenning vereis al dan nie, sal daarvan afhang of hulle meer inligting verskaf oor die voorwaardes wat op die verslagdoeningsdatum bestaan en of daar voldoende bewyse is dat daar aan hulle voldoen kan en sal word. In die meeste gevalle sal die aankondiging van regeringsvoornemens nie lei tot die erkenning van aansuiweringsgebeure nie. In

plaas daarvan sal dit in die reël vir openbaarmaking as nie-aansuiweringsgebeure kwalifiseer.

Aansuiweringsgebeure ná die verslagdoeningsdatum

- .07 'n Entiteit moet die bedrae wat in sy finansiële state erken word, aansuiwer om aansuiweringsgebeure ná die verslagdoeningsdatum weer te gee.**
- .08 Die volgende is voorbeelde van aansuiweringsgebeure ná die verslagdoeningsdatum wat vereis dat 'n entiteit die bedrae aansuiwer wat in sy finansiële state erken word, of items erken wat nie voorheen erken is nie:
- (a) Die skikking van 'n hofsak ná die verslagdoeningsdatum wat bevestig dat die entiteit 'n huidige verpligting op die verslagdoeningsdatum gehad het. Die entiteit suiwer enige voorheen erkende voorsiening wat met hierdie hofsak verband hou aan ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Voorsienings, Voorwaardelike Aanspreeklikhede en Voorwaardelike Bates* of erken 'n nuwe voorsiening. Die entiteit maak nie bloot 'n voorwaardelike aanspreeklikheid openbaar nie omdat die skikking bykomende bewyse bied wat oorweeg kan word ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Voorsienings, Voorwaardelike Aanspreeklikhede en Voorwaardelike Bates*.
 - (b) Die ontvangs van inligting ná die verslagdoeningsdatum wat daarop dui dat 'n bate op die verslagdoeningsdatum in waarde gedaal het, of dat die bedrag van 'n voorheen erkende waardedalingsverlies vir daardie bate aangesuiwer moet word. Voorbeelde:
 - (i) die insolvensie van 'n debiteur wat ná die verslagdoeningsdatum plaasvind, bevestig gewoonlik dat 'n verlies op 'n ontvangbare rekening op die verslagdoeningsdatum bestaan het en dat die entiteit die drabedrag van die ontvangbare rekening moet aansuiwer; en
 - (ii) die verkoop van voorraad ná die verslagdoeningsdatum kan bewyse lewer van hul netto realiseerbare waarde op die verslagdoeningsdatum.
 - (c) Die vasstelling ná die verslagdoeningsdatum van die koste van bates wat aangekoop word, of die opbrengs uit bates wat voor die verslagdoeningsdatum verkoop word.
 - (d) Die vasstelling ná die verslagdoeningsdatum van die inkomstebedrag wat gedurende die verslagdoeningstydperk ingevorder word en wat kragtens 'n inkomstedelingsooreenkoms wat gedurende die verslagdoeningstydperk in werking is, met 'n ander entiteit gedeel moet word.
 - (e) Die vasstelling ná die verslagdoeningsdatum van die omvang van bonus-, aansporings- en prestasieverwante betalings wat aan werknemers verskuldig is indien die entiteit op die verslagdoeningsdatum 'n bestaande regs- of afgeleide verpligting gehad het om sulke betalings te maak op grond van gebeure voor die gemelde datum (kyk die Standaard van AERP oor

Werknemervoordele).

- (f) Die blootlegging van bedrog of foute wat toon dat die finansiële state onjuis is.

Nie-aansuiweringsgebeure ná die verslagdoeningsdatum

.09 'n Entiteit moet nie die bedrae wat in sy finansiële state erken word, aansuiwer om nie-aansuiweringsgebeure ná die verslagdoeningsdatum weer te gee nie.

.10 Die volgende is voorbeelde van nie-aansuiweringsgebeure ná die verslagdoeningsdatum:

- (a) Indien 'n entiteit 'n beleid van gereelde herevaluering van eiendom tot billike waarde aanvaar het, 'n daling in die billike waarde van eiendom tussen die verslagdoeningsdatum en die datum waarop die finansiële state vir uitreiking goedgekeur word. Die daling in billike waarde hou nie normaalweg verband met die toestand van die eiendom op die verslagdoeningsdatum nie, maar gee omstandighede weer wat in die volgende tydperk ontstaan het. Ondanks sy beleid van gereelde herevaluering sou 'n entiteit derhalwe nie die bedrae wat in sy finansiële state vir die eiendomme erken word, aansuiwer nie. Insgelyks werk die entiteit nie die bedrae by wat vir die eiendom openbaar gemaak word soos op die verslagdoeningsdatum nie, hoewel hy dit nodig kan vind om ooreenkomstig paragraaf .28 bykomende openbaarmaking te verskaf.
- (b) Indien 'n entiteit belas met die bedryf van bepaalde gemeenskapsdiensprogramme ná die verslagdoeningsdatum maar voordat die finansiële state gemagtig word, besluit om regstreeks of onregstreeks bykomende voordele aan deelnemers aan daardie programme te verskaf/versprei. Die entiteit sou nie die uitgawes wat in die huidige verslagdoeningstydperk in sy finansiële state erken is, aansuiwer nie, hoewel die bykomende voordele kan voldoen aan die bepalinge vir openbaarmaking as nie-aansuiweringsgebeure ooreenkomstig paragraaf .28.

Dividende of vergelykbare uitkerings

.11 Indien 'n entiteit dividende of vergelykbare uitkerings ná die verslagdoeningsdatum verklaar, moet die entiteit nie daardie dividende of vergelykbare uitkerings op die verslagdoeningsdatum as 'n las erken nie.

.12 Dividende of vergelykbare uitkerings kan ontstaan wanneer 'n entiteit byvoorbeeld die finansiële state van 'n staatsakeonderneming (SSO) wat buite-eienaarsbelange het waaraan hy dividende of vergelykbare uitkerings betaal, kontroleer en konsolideer. Daarbenewens aanvaar sommige entiteite 'n finansiëlebestuursraamwerk wat vereis dat hulle inkomste-uitkerings betaal aan hul beherende entiteit, byvoorbeeld die nasionale regering.

AERP 14

- .13 Indien dividende of vergelykbare uitkerings ná die verslagdoeningsdatum, maar voordat die finansiële state vir uitreiking goedgekeur word, aan eienaars verklaar word, word die dividende of vergelykbare uitkerings nie op die verslagdoeningsdatum as 'n las erken nie omdat geen verpligting op daardie tydstip bestaan nie. Sodanige dividende of vergelykbare uitkerings word in die aantekeninge openbaar gemaak ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Aanbieding van Finansiële State* (soos in 2010 hersien). Dividende of vergelykbare uitkerings sluit nie 'n terugbetaling van kapitaal in nie.

Lopende saak

- .14 Die vraag of die lopendesaak-aanname van toepassing is, moet deur elke entiteit oorweeg word. Die evaluering van die kwessie van lopende saak is egter waarskynlik meer relevant vir individuele entiteite as vir 'n regering in die geheel. 'n Individuele entiteit is byvoorbeeld miskien nie 'n lopende saak nie omdat die regering waarvan hy deel vorm, besluit het om al sy aktiwiteite na 'n ander entiteit oor te dra. Hierdie herstrukturering het egter geen uitwerking op die evaluering van lopende saak vir die regering self nie.
- .15 ***'n Entiteit moenie sy finansiële state op die lopendesaak-grondslag opstel indien die bestuur ná die verslagdoeningsdatum bepaal dat daar óf 'n bedoeling is om die entiteit te likwideer of bedrywighede te staak, óf dat daar geen realistiese alternatief bestaan as om dit te doen nie.***
- .16 By evaluering of die lopendesaak-aanname vir 'n individuele entiteit toepaslik is, moet die bestuur 'n wye verskeidenheid faktore oorweeg. Daardie faktore moet die huidige en verwagte prestasie van die entiteit, enige aangekondigde en potensiële herstrukturering van organisasie-eenhede, die waarskynlikheid van voortgesette staatsbefondsing en, indien nodig, potensiële bronne van vervangingsbefondsing insluit.
- .17 In die geval van entiteite waarvan die bedrywighede hoofsaaklik uit die staatsbegroting befonds word, ontstaan lopendesaak-vraagstukke in die reël slegs as die regering aankondig dat hy voornemens is om die befondsing van die entiteit te staak.
- .18 Van sommige entiteite word daar, alhoewel hulle nie SSO's is nie, vereis dat hulle ten volle of hoofsaaklik self-befondsing moet wees, en dat hulle die koste van goedere en dienste van gebruikers moet verhaal. Vir enige sodanige entiteit kan verswakking in finansiële prestasie en finansiële stand ná die verslagdoeningsdatum aandui dat daar 'n behoefte bestaan om te besin of die lopendesaak-aanname nog steeds toepaslik is.
- .19 Indien die lopendesaak-aanname nie meer toepaslik is nie, vereis hierdie Standaard van 'n entiteit om dit in sy finansiële state weer te gee. Die impak van so 'n verandering sal afhang van die besondere omstandighede van die entiteit, byvoorbeeld of bedrywighede na 'n ander entiteit oorgedra of verkoop of gelikwideer moet word. Oordeel moet aan die dag gelê word om vas te stel of 'n verandering in die drawaarde van bates en laste nodig is.
- .20 Indien die lopendesaak-aanname nie langer van toepassing is nie, is dit ook nodig om te oorweeg of die verandering in omstandighede lei tot die ontstaan van bykomende verpligtinge of aanleiding gee tot klousules in skuldkontrakte wat lei tot

die herklassifikasie van bepaalde skulde as bedryfslaste.

- .21 Die Standaard van AERP oor *Aanbieding van Finansiële State* vereis bepaalde openbaarmakings indien:
- (a) die finansiële state nie op 'n lopendesaak-grondslag opgestel word nie. Die Standaard van AERP oor *Aanbieding van Finansiële State* vereis dat indien die finansiële state nie op 'n lopendesaak-grondslag opgestel word nie, dit openbaar gemaak moet word, tesame met die grondslag waarop die finansiële state opgestel word en die rede waarom die entiteit nie as 'n lopende saak beskou word nie; of
 - (b) die bestuur bewus is van wesenlike onsekerhede wat verband hou met gebeure of omstandighede wat beduidende twyfel kan laat ontstaan oor die entiteit se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan. Die gebeure of omstandighede wat openbaarmaking vereis, kan ná die verslagdoeningsdatum ontstaan. Die Standaard van AERP oor *Aanbieding van Finansiële State* vereis dat onsekerhede openbaar gemaak word.

Herstrukturering

- .22 Indien 'n herstrukturering wat ná die verslagdoeningsdatum aangekondig word, voldoen aan die omskrywing van 'n nie-aansuiweringsgebeurtenis, moet die toepaslike openbaarmakings ooreenkomstig hierdie Standaard gedoen word. Riglyne oor die erkenning van voorsienings wat met herstrukturering verband hou, word aangetref in die Standaard van AERP oor *Voorsienings, Voorwaardelike Aanspreeklikhede en Voorwaardelike Bates*. Bloot omdat 'n herstrukturering die beskikking oor 'n komponent van 'n entiteit behels, bevraagteken dit op sigself nie die entiteit se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan nie. Waar 'n herstrukturering wat ná die verslagdoeningsdatum aangekondig word, egter beteken dat 'n entiteit nie langer 'n lopende saak is nie, kan die aard en omvang van bates en laste wat erken word, verander.

Openbaarmaking

Openbaarmaking van datum van magtiging vir uitreiking

- .23 ***'n Entiteit moet die datum openbaar maak wanneer die finansiële state vir uitreiking gemagtig is, asook aandui wie daardie magtiging verleen het.***
- .24 Dit is vir gebruikers belangrik om te weet wanneer die finansiële state vir uitreiking gemagtig is, aangesien die finansiële state nie gebeure ná daardie datum weergee nie. Soos in paragraaf .04 verduidelik, is die datum van magtiging vir uitreiking die datum waarop die finansiële state goedkeuring van die bestuur ontvang het om aan die uitvoerende gesag of munisipale raad uitgereik te word. Van die rekenpligtige gesag word byvoorbeeld verwag om sy jaarverslag, met inbegrip van

die finansiële state en die auditverslag oor daardie finansiële state, aan die uitvoerende gesag uit te reik vir tertaaflegging in die Nasionale Vergadering. Die uitvoerende gesag het die verpligting om die jaarverslag voor die voorlegging aan die Nasionale Vergadering goed te keur. In sulke gevalle word die finansiële state vir uitreiking gemagtig wanneer die rekenpligtige gesag die finansiële state vir uitreiking aan die uitvoerende gesag magtig. Die auditmening word op grond van daardie gefinaliseerde finansiële state verskaf.

Bywerking van openbaarmaking van omstandighede op die verslagdoeningsdatum

- .25** *Indien 'n entiteit ná die verslagdoeningsdatum, maar voordat die finansiële state vir uitreiking gemagtig word, inligting ontvang oor omstandighede wat op die verslagdoeningsdatum bestaan het, moet hy in die lig van die nuwe inligting openbaarmakings wat met daardie omstandighede verband hou, bywerk.*
- .26** In sommige gevalle moet 'n entiteit die openbaarmakings in sy finansiële state bywerk om inligting weer te gee wat ontvang word ná die verslagdoeningsdatum maar voordat die finansiële state vir uitreiking gemagtig word, selfs indien die inligting nie die bedrae beïnvloed wat hy in sy finansiële state erken nie. Een voorbeeld van die behoefte om openbaarmakings by te werk is wanneer bewyse ná die verslagdoeningsdatum beskikbaar raak oor 'n voorwaardelike aanspreeklikheid wat op die verslagdoeningsdatum bestaan het. Bykomend tot die oorweging of hy nou 'n voorsiening moet erken, moet 'n entiteit sy openbaarmakings oor die voorwaardelike aanspreeklikheid in die lig van daardie bewyse bywerk.

Openbaarmaking van nie-aansuiweringsgebeure ná die verslagdoeningsdatum

- .27** *As nie-aansuiweringsgebeure ná die verslagdoeningsdatum wesenlik is, kan nie-openbaarmaking die ekonomiese besluite raak wat gebruikers op grond van die finansiële state neem. Gevolglik moet 'n entiteit die volgende openbaar maak vir elke wesenlike kategorie van nie-aansuiweringsgebeurtenis ná die verslagdoeningsdatum:*
- (a) Die aard van die voorval.*
- (b) 'n Raming van die finansiële uitwerking daarvan, of 'n verklaring dat so 'n raming nie gemaak kan word nie.*
- .28** Die volgende is voorbeelde van nie-aansuiweringsgebeure ná die verslagdoeningsdatum wat in die reël openbaarmaking tot gevolg sou hê:
- (a) 'n Buitengewoon groot daling in die waarde van eiendom wat teen billike waarde gedra word, waar daardie daling nie verband hou met die toestand*

AERP 14

van die eiendom op die verslagdoeningsdatum nie, maar te wyte is aan omstandighede wat sedert die verslagdoeningsdatum ontstaan het.

- (b) 'n Besluit van die entiteit ná die verslagdoeningsdatum om in die toekoms regstreeks of onregstreeks beduidende bykomende voordele aan deelnemers in gemeenskapsdiensprogramme wat hy bedryf, te verskaf of onder hulle te versprei, en daardie bykomende voordele 'n buitengewoon groot impak op die entiteit het.
- (c) 'n Verkryging of beskikking oor 'n groot beheerde entiteit of die uitbesteding van al, of wesenlik al, die aktiwiteite wat 'n entiteit ná die verslagdoeningsdatum onderneem.
- (d) 'n Aankondiging van 'n plan om 'n bedrywigheid of groot program te staak.
- (e) Groot aankope van bates, of groot verkope van bates, groepe bates en laste, asook komponente (kyk die Standaarde van AERP oor *Beëindigde Bedrywigheide*), of onteining van groot bates deur die regering.
- (f) Die verwoesting van 'n groot gebou deur 'n brand ná die verslagdoeningsdatum.
- (g) 'n Aankondiging oor of die aanvang van die implementering van 'n groot herstrukturering (riglyne oor die erkenning van voorsienings wat met herstrukturering verband hou, word in die Standaard van AERP oor *Voorsienings, Voorwaardelike Aanspreeklikhede en Voorwaardelike Bates* aangetref).
- (h) Die implementering van wetgewing om lenings aan entiteite of individue as deel van 'n program af te skryf.
 - (i) Abnormaal groot veranderinge in batepryse of wisselkoerse ná die verslagdoeningsdatum.
 - (j) In die geval van entiteite wat vir inkomstebelasting of inkomstebelastingekwivalente (waar toepaslik) aanspreeklik is, veranderinge in belastingkoerse of belastingwette verorden of aangekondig ná die verslagdoeningsdatum wat 'n beduidende uitwerking het op huidige en uitgesteldebelaasting-bates en -aanspreeklikhede (riglyne oor rekeningkundige verantwoording vir inkomstebelastings word in die International Accounting Standard oor *Income Taxes* aangetref).
- (k) Die aangaan van beduidende verpligtinge oor Voorwaardelike Aanspreeklikhede, byvoorbeeld deur beduidende waarborge ná die verslagdoeningsdatum uit te reik.
- (l) Die aanvang van groot gedingvoering wat voortspruit slegs uit gebeure wat ná die verslagdoeningsdatum plaasgevind het.

Datum van inwerkingtrede

Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP

- .29** *Hierdie Standaard van AERP tree in werking vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat begin op of ná 'n datum wat deur die Minister van Finansies bepaal word in 'n regulasie wat ooreenkomstig artikel 91(1)(b) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig, gepubliseer sal word.*

Entiteite wat reeds toevallingsrekeningkunde toepas

- .30** *'n Entiteit moet hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat op of ná 1 April 2011 begin. Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit hierdie Standaard toepas vir 'n tydperk wat voor 1 April 2011 begin, moet hierdie feit openbaar gemaak word.*

Herroeping van die Standaard van AERP oor Gebeure ná die Verslagdoeningsdatum (2007)

- .31** *Hierdie Standaard vervang die Standaard van AERP oor Gebeure ná die Verslagdoeningsdatum wat in 2007 uitgegee is.*

Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor *Events After the Reporting Date* (Januarie 2007)

Die Standaard van AERP oor *Gebeure ná die Verslagdoeningsdatum* (AERP 14) is hoofsaaklik ontleen aan die International Public Sector Accounting Standard oor *Events After the Reporting Date* (IPSAS 14). Die belangrikste verskille tussen AERP 14 en IPSAS 14 is soos volg:

- Hierdie Standaard sluit wysigings in wat deur die IASB aan IAS 10 oor *Events After the Reporting Date* aangebring is as deel van sy Improvements to IFRSs vir 2008.
- Hierdie Standaard maak in bepaalde gevalle van ander terme as IPSAS 14 gebruik; IPSAS 14 verwys byvoorbeeld na “operating results”, terwyl hierdie Standaard na “finansiële prestasie” verwys.
- Die vereiste wat ’n ander liggaam toelaat om die finansiële state ná uitreiking te wysig, is uit hierdie Standaard weggelaat, aangesien dit nie op die Suid-Afrikaanse omgewing van toepassing is nie.
- Verduideliking word in hierdie Standaard verskaf oor die betekenis van “vir uitreiking gemagtig” deur die insluiting van ’n voorbeeld en bykomende verduidelikende riglyne.